basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NSS 2019**
**'MEO' 2019**
**SS-KANDIDATE**

# GRAAD 12

**BSTD.1**

# BESIGHEIDSTUDIES

**NOVEMBER 2020**

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

# MIDDAGSESSIE

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al VIER hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit VYF vrae
   Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae
   Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let wel dat SLEGS die eerste DRIE vrae in AFDELING B en die eerste TWEE vrae in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **40** | **30** |
| | | | |
| **B: VYF direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige DRIE.** | **2** | **60** | **30** |
| | **3** | **60** | **30** |
| | **4** | **60** | **30** |
| | **5** | **60** | **30** |
| | **6** | **60** | **30** |
| | | | |
| **C: VIER opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.** | **7** | **40** | **30** |
| | **8** | **40** | **30** |
| | **9** | **40** | **30** |
| | **10** | **40** | **30** |
| **TOTAAL** | | **300** | **180** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 D.

1.1.1 Hierdie Wet vereis dat besighede hulle kliënte se finansiële agtergrond nagaan voordat lenings aan hul toegestaan word:

A Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008)
B Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995)
C Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998)
D Nasionale Kredietwet (NKW), 2005 (Wet 34 van 2005)

1.1.2 Besighede kan baie kliënte verloor wanneer hulle pryse as gevolg van 'n verhoging in die rentekoers verhoog word. Dit is 'n voorbeeld van die ... faktor as 'n PESTWO('PESTLE')-element.

A tegnologiese
B ekonomiese
C fisiese
D omgewings-

1.1.3 Golden Supermark word in die ... sektor bedryf aangesien hulle kruideniersware aan verbruikers verkoop.

A sekondêre
B tersiêre
C primêre
D openbare

1.1.4 Zaza Hospice is 'n voorbeeld van 'n ... aangesien hulle skenkings ontvang wat hulle in staat stel om mense te versorg wat terminaal siek is.

A maatskappy sonder winsoogmerk
B publieke maatskappy
C privaat maatskappy
D staatsbeheerde maatskappy

1.1.5 Gugu Ondernemings het R5 000 vir drie jaar teen 12% enkelvoudige rente per jaar belê. Hulle sal 'n bedrag van ... as rente aan die einde van die beleggingstydperk ontvang.

A R6 800
B R2 024
C R1 800
D R1 200

1.1.6 Suresh het die ... leierskapsteorie toegepas toe hy sy span geïnspireer en gemotiveer het om hul persepsies van hulle werk te verander.

A leiers en volgelinge-
B transaksionele
C situasionele
D transformasionele

1.1.7 'n Besigheid versoek 'n paneel van kundiges om 'n stel vraelyste in te vul om 'n komplekse probleem op te los. Dit verwys na ...

A 'n dinkskrumsessie.
B die Delphi-tegniek.
C die leëstoel-tegniek.
D geforseerde kombinasies.

1.1.8 Paul se reg op … is geskend toe die bestuurder, sonder sy toestemming, sy persoonlike probleme aan ander personeellede bekend gemaak het.

A veiligheid
B inligting
C privaatheid
D waardigheid

1.1.9 Die ... omskryf die minimum vereistes wat 'n menslikehulpbron-bestuurder in ag moet neem wanneer 'n salarispakket aan 'n nuwe werknemer gebied word.

A Wet op Vaardigheidsontwikkeling
B Wet op Arbeidsverhoudinge
C Wet op Gelyke Indiensneming
D Wet op Basiese Diensvoorwaardes

1.1.10 Die ... funksie gebruik 'n aggressiewe advertensieveldtog om verkope te verhoog.

A bemarkings-
B openbarebetrekkinge-
C administrasie-
D finansiële (10 x 2) (20)


WESTERN CAPE

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| video; probleemoplossing; aggressiewe; keurings; PESTWO ('PESTLE'); telefoniese; werwings; SSGB ('SWOT'); BDKH ('PDCA'); stil |

1.2.1 Real African Handelaars het 'n …-analise saamgestel om uitdagings in hul interne omgewing te identifiseer.

1.2.2 Sizani Prokureurs gebruik webkamera's op hul skootrekenaars en tablette om vergaderings te hou. Dit staan as ...-konferensies bekend.

1.2.3 John se bestuurder moedig hom aan om sy insette te lewer, as 'n strategie om sy ... persoonlikheid te hanteer.

1.2.4 Besighede pas die ...-siklus toe om voortdurend hulle prosesse en stelsels te verbeter.

1.2.5 Een van die aktiwiteite van die …-prosedure is om advertensies op geskikte mediaplatforms te plaas. (5 x 2) (10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Terugwaartse integrasie | A doen verslag oor wins, prosesse en mense |
| 1.3.2 Herinbesitstelling | B kan verkry word as alle afdelings saamwerk om dieselfde gehaltestandaarde te bereik |
| 1.3.3 Dinkskrum | C toepaslik wanneer goedere onderverseker is |
| 1.3.4 Drievoudige sleutelaspekte | D wanneer 'n besigheid sy mededinger oorneem |
| 1.3.5 Gehaltebestuur | E laat individue toe om stilweg idees te genereer |
| | F toepaslik wanneer goedere oorverseker is |
| | G wanneer 'n besigheid sy verskaffer oorneem |
| | H kan vir aanspreeklikheid binne elk van die besigheidsfunksies gebruik word |
| | I doen verslag oor wins, planeet en mense |
| | J laat 'n groot groep mense toe om hardop idees te genereer |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

Beantwoord ENIGE DRIE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

## VRAAG 2: BESIGHEIDOMSGEWINGS

2.1 Identifiseer die tipe defensiewe strategie wat Mega Konstruksies in ELK van die stellings hieronder toegepas het:

2.1.1 Mega Konstruksies het al hulle bates verkoop om sodoende hulle krediteure te betaal.

2.1.2 Hulle het die indiensnemingskontrakte van baie werknemers beëindig om koste te verlaag.

2.1.3 Bestuur het besluit om hul onproduktiewe inligtingstegnologie-afdeling toe te maak. (6)

2.2 Noem DRIE besigheidsomgewings en gee die mate van beheer wat besighede oor ELKE omgewing het.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 2.2 te beantwoord.

| BESIGHEIDSOMGEWINGS | MATE VAN BEHEER |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |
| 3. | |

(6)

2.3 Beskryf in breë trekke die doel van die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995). (8)

2.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**PUMZA UNIEKE GEBAK (PUG)**

Pumza Unieke Gebak spesialiseer in die ontwerp van verjaarsdagkoeke. Pumza het die omgewing as deel van die strategiese bestuursproses verken. Sy het slegs 'n klein kapitaalbedrag nodig gehad om haar besigheid te begin. Sam Groothandelaars is die enigste verskaffer in die omgewing by wie sy haar bakbestanddele koop.

2.4.1 Identifiseer TWEE kragte van Porter se Vyf Kragte-model wat op PUG van toepassing is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 2.4.1 te beantwoord.

| PORTER SE VYF KRAGTE | MOTIVERING |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

2.4.2 Verduidelik vir Pumza hoe sy die strategiese bestuursproses kan toepas. Moet NIE na omgewingverkenning verwys NIE. (6)


WESTERN CAPE

2.5 Bespreek enige TWEE tipes diversifikasiestrategieë. (6)

2.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**COMPUTER TECH (CT)**

Die bestuur van Computer Tech voldoen aan die Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008). Hulle laat kliënte toe om vir die beste pryse rond te soek. Kliënte ontvang ook 'n geskrewe waarborg saam met hulle aankope.

2.6.1 Identifiseer TWEE verbruikersregte, volgens die Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), wat deur CT toegepas word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 2.6.1 te beantwoord.

| VERBRUIKERSREGTE | MOTIVERING |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

2.6.2 Verduidelik die nadele van die Wet op Verbruikersbeskerming vir CT as 'n besigheid. (4)

2.7 Bespreek enige TWEE verlofbepalings soos in die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997) gestipuleer. (6)

2.8 Stel maniere voor waarop besighede aan die Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998) kan voldoen. (6)
**[60]**

## VRAAG 3: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

3.1 Noem VIER soorte aandele. (4)

3.2 Beskryf in breë trekke die aspekte wat in ag geneem moet word wanneer 'n multimedia-aanbieding ontwerp word. (6)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **PHIWE SE AANBIEDING** |
|---|
| Phiwe, 'n bemarkingsbestuurder, beplan om sy besigheidsverkoopsyfers aan verskillende belanghebbendes aan te bied. Hy beplan om aan die begin van sy aanbieding inligtingstukke te versprei. Phiwe wil ook grafieke en tabelle gebruik om die geprojekteerde verkope van sy afdeling te vertoon. |

3.3.1 Gee DRIE voorbeelde van visuele hulpmiddels in die scenario hierbo. (3)

3.3.2 Verduidelik aan Phiwe die faktore wat hy in ag moet neem wanneer 'n aanbieding voorberei word. Moet NIE na die gebruik van visuele hulpmiddels verwys NIE. (6)

3.4 Brei uit oor die betekenis van *aweryklousule*. (6)

3.5 Onderskei tussen *leierskap* en *bestuur*. (4)

3.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **JANNIE SE ONTWERPE (JO)** |
|---|
| Jannie Se Ontwerpe is alombekend vir hulle modieuse vroue-ontwerpe. Jannie laat sy span toe om onafhanklik te werk solank hulle aan sy besigheidsbeleid voldoen. |

3.6.1 Identifiseer Jannie se leierskapstyl. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

3.6.2 Evalueer die impak van die leierskapstyl wat in VRAAG 3.6.1 geïdentifiseer is, op besighede. (6)

3.7 Verduidelik die funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE). (8)

3.8 Bespreek die voordele van 'n staatsbeheerde maatskappy. (6)

3.9 Gee besighede raad oor hoe die volgende faktore tot die sukses en/of mislukking van 'n vennootskap kan bydra:

3.9.1 Bestuur (4)

3.9.2 Wetgewing (4)
**[60]**

**VRAAG 4: BESIGHEIDSROLLE**

4.1 Noem VIER oorsake van konflik in die werkplek. (4)

4.2 Beskryf in breë trekke die korrekte prosedure om griewe in die werkplek te hanteer. (8)

4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **PHAPHAMA PADHERSTELWERK (PP)** |
|---|
| Reshma, Kevin en Mandla werk as 'n span saam aan die Phaphama Padherstelwerk-projek. Hulle waardeer die kennis en vaardighede van die ander spanlede. Reshma, 'n spanleier, gee altyd gehalteterugvoering om die moraal van die span te verbeter. |

4.3.1 Identifiseer TWEE kriteria vir suksesvolle spanne wat deur PP toegepas word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 4.3.1 te beantwoord.

| KRITERIA | MOTIVERING |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

4.3.2 Verduidelik aan Reshma se span enige TWEE stadiums van spanontwikkeling. (6)

4.4 Bespreek die positiewe impak van korporatiewe maatskaplike investering (KMI) op besighede. (8)

4.5 Omskryf die verantwoordelikhede van werknemers om menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek te bevorder. (6)

4.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **VUKA WELSTANDSPA (VWS)** |
|---|
| Die terapeute van Vuka Welstandspa bestee soms gedurende kantoorure tyd aan persoonlike sake. Anne, die finansiële bestuurder, gebruik die kleinkas van die besigheid sonder toestemming om vir haar persoonlike uitgawes te betaal. |

4.6.1 Identifiseer TWEE tipes onetiese besigheidspraktyke wat deur VWS se werknemers getoon word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 4.6.1 te beantwoord.

| TIPES ONETIESE BESIGHEIDSPRAKTYKE | MOTIVERING |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

4.6.2 Stel maniere voor waarop VWS hulle sakepraktyke op 'n professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe manier kan uitvoer. (6)

4.7 Verduidelik hoe besighede *deursigtigheid* as 'n King-kode beginsel vir goeie korporatiewe bestuur kan toepas. (4)

4.8 Beveel maniere aan waarop besighede maatskaplike/sosiale regte in die werkplek kan bevorder. (6)
**[60]**

## VRAAG 5: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

5.1 Noem VYF bronne van interne werwing. (5)

5.2 Brei uit oor die betekenis van *sifting* as deel van die keuringsprosedure. (4)

5.3 Beskryf in breë trekke die plasingsprosedure as 'n aktiwiteit van die menslikehulpbronfunksie. (4)

5.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**IMPALA KONSTRUKSIE (IK)**

Impala Konstruksie het 'n pos vir 'n produksiebestuurder geadverteer. Die suksesvolle kandidaat sal 'n vergoedingspakket ontvang wat 'n mediese fonds, pensioenfonds en 'n behuisingstoelaag insluit. Die bestuur van IK het kandidate op die kortlys genooi om die onderhoud by te woon.

5.4.1 Gee DRIE voorbeelde van byvoordele wat IK in die scenario hierbo aanbied. (3)

5.4.2 Bespreek die impak van byvoordele op IK as 'n besigheid. (8)

5.5 Verduidelik TWEE salarisbepalingsmetodes wat besighede kan toepas om hul werknemers te vergoed. (6)

5.6 Identifiseer die besigheidsfunksie wat verantwoordelik is vir die uitvoer van die aktiwiteit in ELKE stelling hieronder beskryf:

5.6.1 Die toeken van sakehulpbronne om langtermynplanne te behaal.

5.6.2 Die implementering en instandhouding van voorraadbeheerstelsels om die veiligheid van voorraad te verseker. (4)

5.7 Onderskei tussen *gehaltebeheer* en *gehalteversekering*. (4)

5.8 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**EKSKLUSIEF RESTAURANT BEPERK (ERB)**

Eksklusief Restaurant Beperk verseker dat al hulle aktiwiteite goed geskeduleer is om die duplisering van take te vermy. Hulle sjefs word gereeld op gevorderde kookkursusse gestuur om meer oor gesonde kookmetodes te leer.

5.8.1 Haal TWEE maniere aan waarop totale gehaltebestuur (TGB) die koste van gehalte in die scenario hierbo verminder. (2)

5.8.2 Verduidelik ander maniere waarop TGB die koste van gehalte kan verminder. (6)

5.9 Bespreek die voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel. (8)

5.10 Evalueer die impak van totale kliënte-/klantetevredenheid op groot besighede. (6)
**[60]**

## VRAAG 6: DIVERSE ONDERWERPE

### BESIGHEIDSOMGEWINGS

6.1 Noem DRIE pilare van die Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003). (3)

6.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **KRISTAL WATER (KW)** |
|---|
| Kristal Water verkoop gebottelde water in Noordwes. Die bestuur van KW het 'n tak in Mpumalanga oopgemaak as gevolg van die groot aanvraag na gebottelde water. |

6.2.1 Identifiseer die tipe intensiewe strategie wat KW toegepas het. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

6.2.2 Beskryf in breë trekke TWEE voordele van intensiewe strategieë vir KW as 'n besigheid. (4)

6.3 Gee besighede raad oor die stappe wat hulle in ag moet neem wanneer 'n strategie geëvalueer word. (6)

### BESIGHEIDSGELEENTHEDE

6.4 Beskryf in breë trekke TWEE kenmerke van 'n eenmansaak. (4)

6.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Andile het, volgens sy persoonlike behoeftes, R1 000 vir 36 maande in RSA-kleinhandelspaareffekte belê. Hy sal twee maal per jaar rente ontvang. 'n Finansiële kenner het hom aangeraai om ook 'n belegging in effektetrusts te oorweeg. |

6.5.1 Identifiseer TWEE faktore wat Andile oorweeg het toe hy in RSA-kleinhandelspaareffekte belê het. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 6.5.1 te beantwoord.

| FAKTORE | MOTIVERING |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

6.5.2 Verduidelik aan Andile die voordele daarvan om in effektetrusts te belê. (4)

## BESIGHEIDSROLLE

6.6 Noem TWEE ekonomiese regte van werknemers in die werkplek. (2)

6.7 Identifiseer die diversiteitskwessie wat Mazala Slaghuis in ELKE stelling hieronder in ag geneem het:

6.7.1 Die bestuur van Mazala Slaghuis maak seker dat daar nie teen werknemers op grond van hul velkleur gediskrimineer word nie.

6.7.2 Spesiale geriewe word verskaf vir werknemers wat rolstoele gebruik.

6.7.3 Personeelvergaderings word slegs in Engels gehou, soos in hul besigheidsbeleid gestipuleer. (6)

6.8 Bespreek maniere waarop besighede die omgewing en menslike gesondheid in die werkplek kan beskerm. (6)

## BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

6.9 Beskryf in breë trekke TWEE gehalteaanwysers van die produksiefunksie. (4)

6.10 Verduidelik die impak van TGB indien besighede dit swak implementeer. (4)

6.11 Onderskei tussen *posbeskrywing* en *posspesifikasie*. (8)
**[60]**

**TOTAAL AFDELING B: 180**

## AFDELING C

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 7 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 8 op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 7: BESIGHEIDSOMGEWINGS (WETGEWING)

Die regering het Sektorale Onderwys-en-Opleidingsowerhede (SOOO's/'SETAs') daargestel om die effektiewe implementering van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO), 1998 (Wet 97 van 1998) te verseker. Die Nasionale Vaardigheidsontwikkeling-strategie (NVOS) is daarop gemik om die doel van die WVO te behaal. Besighede word verplig om aan hierdie Wet te voldoen.

As 'n kenner van onlangse wetgewing, skryf 'n opstel oor die volgende WVO-aspekte:

- Beskryf in breë trekke die rol van SOOO's ('SETAs') in die ondersteuning van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling.
- Verduidelik die doel van die Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie.
- Evalueer die impak van die WVO op besighede.
- Stel maniere voor waarop besighede die WVO kan nakom. **[40]**

### VRAAG 8: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (VERSEKERING)

Besighede neem versekeringspolisse uit omdat hul in hoërisiko-omgewings bedryf word. Hulle besef ook dat sekere risiko's nie verseker kan word nie. Besighede moet goed ingelig word oor die beginsels van versekering voordat 'n versekeringskontrak geteken word. Hulle trek voordeel uit verpligte versekering omdat sekere eise nie deur hulle uitbetaal hoef te word nie.

Skryf 'n opstel oor versekering waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf in breë trekke die verskille tussen *versekerbare* en *nieversekerbare* risiko's. Gee TWEE voorbeelde van elk.
- Verduidelik die volgende beginsels van versekering:
  - Skadeloosstelling/Indemnifikasie
  - Sekuriteitstelling/Sekerheid
- Bespreek DRIE soorte verpligte versekering.
- Gee besighede raad oor die voordele van versekering vir besighede. **[40]**

## VRAAG 9: BESIGHEIDSROLLE (PROBLEEMOPLOSSING EN KREATIEWE DENKE)

| |
|---|
| Die besigheidsomgewing is dinamies en vereis dat besighede innoverend in hulle benaderings moet wees. Die kragveldontleding- en nominalegroeptegnieke kan gedurende die probleemoplossingsproses toegepas word. Baie besighede streef daarna om 'n omgewing te skep wat kreatiewe denke in die werkplek bevorder. |

Skryf 'n opstel oor probleemoplossing en kreatiewe denke waarin jy die volgende aspekte bespreek:

- Brei uit oor die verskille tussen *besluitneming* en *probleemoplossing*.
- Bespreek die impak van die volgende probleemoplossingstegnieke op besighede:
  - Kragveldontleding
  - Nominale groeptegniek
- Verduidelik die voordele van kreatiewe denke in die werkplek.
- Stel maniere voor waarop besighede 'n omgewing kan skep wat kreatiewe denke in die werkplek bevorder. **[40]**

## VRAAG 10: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (MENSLIKE HULPBRONNE)

| |
|---|
| 'n Ingenieur by Hendricks Siviele Ingenieurs (HSI) het onlangs sy indiensnemingskontrak beëindig. HSI oorweeg dit om hierdie pos ekstern te adverteer. Die menslikehulpbronbestuurder sal vir die onderhoud voorberei en ook die induksieprogram ontwikkel. |

Neem die scenario hierbo in ag en skryf 'n opstel oor menslike hulpbronne waarin daar na die volgende aspekte verwys word:

- Brei uit oor die redes vir die beëindiging van 'n indiensnemingskontrak.
- Verduidelik die impak van eksterne werwing op HSI as 'n besigheid.
- Bespreek die rol van die onderhoudvoerder tydens voorbereiding vir 'n onderhoud.
- Gee HSI raad oor die voordele van induksie.

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 80**
**GROOTTOTAAL: 300**


WESTERN CAPE